Blancogemeente
Kwartaal 4 '09

Kleipot

Die wonderlike krag wat deur ons werk, is God se krag en nie ons s'n nie. Ons is soos breekbare kleipotte waarin daar iets baie kosbaars gesit is. *2 Korintièrs 4:7*

Daar word reeds geruime tyd beplan om die Kleipot, ons gemeente se Eerste Kwartaalblad, die lig te laat sien. Aangesien die jaar reeds in sy laaste fase is, is besluit om die eerste uitgawe oorsigtelik te vorm en belangrike gebeure van die afgelope jaar uit te lig. Die naam Kleipot is simbolies met die geskiedenis van Blancogemeente, 'n gemeente wat deel is van die NG Kerk familie.

Hierdie Gemeente is op 16 Mei 1951 gevorm met die afstiging van die Moedergemeente . Die aanvanlike 520 lidmate het met die jare gegroei tot 'n fenomenale 1895 lidmate op die boeke. Soos die kleipot ook gevorm en geskep word tot 'n kunswerk deur die pottebakker, is ook Blancogemeente gevorm volgens Die Groot Pottebakker se eie skepping en plan.

Hierdie proses van groei en fatsoenering is dan ook treffend van die enorme groei wat in ons gemeente plaasgevind het.

Die Groot Pottebakker gebruik ook Sy Meestershand om ons te vorm en te maak na Sy wil.

Die Kleipot sal altyd simbolies wees van God se werk in ons gemeente. Die huidige kerkgebou kan tans net 500 lidmate huisves wat derhalwe lei tot 'n erge spasie uitdaging. Vandaar die interim - reëling dat ons twee gelyklopende eredienste Sondae oggende hou in die saal en die kerkgebou. In die lig hiervan is Stratkom besig met 'n intensiewe studie en beplanning rondom hierdie saak. Planne vir die vergroting van die huidige kerkgebou is reeds ver gevorder en 'n kosteberaming sal binnekort gedoen word.

Kyrie eleison. Soli Deo Gloria.

Afskopfees

Op die kruin van 'n reusegolf het ons die 64 Dae Fokus binnegery met die Afskopfees se heerlike poedings wat almal laat lippe aflek het.
Francois en Cornie het die grootgroeptye gelei terwyl ons vir 40 dae elkeen 'n Solotyd gehou het met Rick Warren se boek, "Saam is ons beter".
Hul het die pad vir ons gewys met hul eie spanwerk en ons begeester om ook nie as individue te wil funksioneer nie, maar dat spanwerk soveel effektiewer is.
Die vraag: Wat op aarde maak ons hier, het ongelooflike uitreiking - aksies tot gevolg gehad.
Die verskillende kleingroepe het verskeie uitreikingsprojekte van stapel gestuur, o.a. individue by Laerskool Blanco wat spesifieke behoeftes het, is deur die skoolhoof en sekretaresses geïdentifiseer waarna van die kinders, figuurlik gesproke, deur 'n kleingroep aangeneem is en na hul behoeftes omgesien word.
'n Aantal kleingroepe het die nood by Laerskool Kretzenshoop raakgesien, en besluit om klasse aan te neem.
Met die hulp van die onderwyser word die behoeftes in die klassituasie geëvalueer en aangespreek.
Andere is weer besig met uitreiking na die eensames, armes en gevalle waar mense in nood verkeer.
WARE LIEFDE VIR MY MEDEMENS IS ALTYD LIEFDE MET OPGEROLDE MOUE.



Gemeentefees

'n Lieflike sonskyndag het die groep stappers begroet wat om 8:30 vanaf die 4BROTHERS Aartappelstoor 'n roete van ongeveer 2 km met die kruis gestap het op die plaas van die Van Greunenbroers. Die Aartappelstoor was feestelik getooi en die geur van braaivleis het die ongeveer 900 feesgangers begroet wat die fees bygewoon het. 'n Gemoedelike atmosfeer het geheers waar die gevoel van liefde, vrede, omgee en uitreiking voelbaar was. Die afsluiting van die 64 Dae Fokus was soos verlede jaar 'n reusesukses. Alle dank aan al die organiseerders, werkers en almal wat op een of ander wyse betrokke was by al die werk verbonde aan die feestelike dag.
Alle eer en lof aan ONS HEMELSE VADER wat hierdie dag ryklik geseën het.

Uitreiking Van 'n Ander Aard...

Sekere situasies wat onstaan, lei tot vorming van opinies en dit is juis oor so 'n insident waaroor ek wil gesels. Ek het verneem van die paartjie in die Valley wat huisloos, werkloos en waarskynlik ook herderloos was. My opinie het ek gou en maklik gevorm: "Hulle het hiervoor gesoek en nou word ek genader vir hulp." Ken julle van 'n stywe rug? " Ja, myne was sommer onmiddellik op hulle gedraai en sommer krom getrek van pure verset - basta en klaar!

Na vele pogings om my van sienswyse te laat verander, het ek tog ingewillig om ondersoek te gaan instel na die werklike omstandighede van die tweetjies. Om hulp te verleen was nie die probleem nie, maar om te wil help was die opinie-probleem.

Met my aankoms in die Valley is ek eenvoudig tot stilstand geskok. Die jongman, 'n skrale 17 jaar, was verlore, sonder heenkome en nog op skool. Sy maatjie, slegs 20 jaar, was nêrens in sig nie. Sy het weggekruip en slegs met 'n lang proses van oorreding het sy nader gekom en my dalk gesien as 'n moontlike helper wat deur Jesus gestuur is. Hulle wou aanvanklik nie regtig kontak maak nie, want die mense wat hulle soms tog 'n plekkie sou gee om te slaap, wil niks weet van die NG Kerk nie en glo dat die kerk hulle vloek. Wat 'n misplaaste verwronge siening! Die kerk was dan nog altyd daar vir die Valley se mense.

Om terug te keer na die vroutjie , sy het ongelooflik verwaarloos en gehawend daar uitgesien. Haar klere was vuil en oorgroot. Die top wat sy gedra het se moue het etlike sentimeters oor haar hande geval. Sy't my meegedeel dat sy geen klere besit nie en dat die mense rondom haar op daaglikse basis vir haar klere leen. Sy was swanger en het 'n baba gehad wat sy intussen verloor het. Sy is lid van 'n gesin van 4 kinders wat almal in die Môreson Kinderhuis opgeneem is, toe sy 3 jaar oud was. Toe sy in graad 8 was, moes sy die skool verlaat en het op die Aarbeiplaas gaan werk om vir haar gedurig besope ouers te sorg.

Op hierdie stadium kon ek slegs my kop in skaamte laat sak. Wie is ek om te oordeel? Op 'n stadium het ek gesien hoe vuil haar hande was, maar sy't vertel dat sy nie seep het om dit te was nie en ook nie toegang tot die kraan het nie, want sy word summier weggejaag. So terloops, hulle slaap meesal in die bos onder 'n karton.

Op hierdie stadium hoor ek hoe 'n blondekop dogtertjie van ongeveer 3-4 jaar vir haar ma vir kos vra, want sy is honger. Die ma antwoord toe dat daar nie kos in die huis is nie. "Julle weet mos dat Pa eers Vrydag geld kry." Ek kon net toekyk, te geskok om die krisis wat daar heers dadelik aan te spreek. Dit is dan nou eers Woendag m.a.w. nog 2 dae sonder kos vir die 4 kindertjies.

Swaarkry laat mense baie verander. Die vroutjie (20 jarige) was aanvanklik baie bot, ontwykend, afsydig en kop onderstebo. Meteens het ek besef hierdie mense is dood van die honger en met 'n groot gesukkel het ek hul daar weg, want sy wou nie met haar vuil klere iewers gaan eet nie. Tydens die ete het sy kos ongemerk onder haar groot klere probeer indruk, want haar maatjies is dan ook honger!

Genoeg is genoeg, my stywe rug het merkbaar ontspan en ek het daar en dan besluit dat my werkers 'n kamer aan die ander huisie sou aanbou sodat hulle voorlopig hul eie blyplek het. Hulle het hul in hierdie netelige posisie bevind omdat hul kerk die rug op hulle gedraai het.

My hart het uitgereik na hierdie verstote jongmense en ek wil voor al my mede-lidmate en voor Christus om verskoning vra dat ek dit gewaag het om te oordeel en voortaan eerder betrokke wil wees om toe te sien dat die armes en verstotenes versorg word.

GROETE IN JESUS SE NAAM

My liefde moet nie lippetaal wees nie, maar dade wat in opregtheid gedoen word.

Die Proteaklub – Vanwaar Gehasie?

Vanwaar die Proteaklub waarvan ons gereeld elke twee weke in Die Potskerf, lees? Die einste Proteaklub het 'n lang geskiedenis en ons vertrou dat hierdie artikel u sal interesseer, vir sommige sal dit sekerlik met 'n bietjie heimweë vul.
Annette du Plessis, 'n voorslagvrou van die gemeente, het haar in die laat jare 80, (ongeveer 1988 - 1989), begin ontferm oor die alleen en eensame senior burgers van ons gemeente en sy het begin om informele geleenthede te reël om hulle gesellig byeen te bring. Sy het gereeld geld ingesamel om te sorg dat almal wat wou, hierdie geleenthede kon bekostig en bywoon.
Sover vasgestel kon word is daar in 1989 besluit om meer struktuur aan hierdie aksie te gee en 'n loodskomitee is gestig. Willem Strydom en Chris Baard van die loodskomitee het vir Dirk Immelman genader met die oog op die voorsitterskap van die te stigte klub. Dirk was dan ons Klub se eerste voorsitter. Die Proteaklub word volgende jaar mondig!
Dirk is later opgevolg deur die nimlike Petrus Gerber, wat saam met sy vrou Ina, diep spore in ons gemeente getrap het. Dirk vertel dat Petrus in die vroeë jare 90, 'n bustoer na die Kaap gereël het vir die allesinsluitende prys van R1000,00 per persoon en dit het alle kostes ingesluit: bus, volle akkommodasie en alle etes vir die week en alle uitstappies, o.a. Robbeneiland, Tafelberg, ens.
So teen die einde van die week het Petrus soveel geld oorgehad dat hy vir elke toerlid R40,00 sakgeld gegee het!!
Die feit dat die Proteaklub oor die jare in getalle en entoesiasme, net gegroei en van krag tot krag gegaan het, is 'n bewys dat die klub van die begin af 'n suksesvolle wenresep gehad het. Die resep was vanaf die begin, en is nog steeds, primêr om gesonde en bekostigbare vermaak aan seniors te verskaf en om sosiale kontak tussen lede te bevorder.
Byeenkomste vind gewoonlik op die laaste Woensdag van 'n maand plaas en daar word by dié geleenthede lekker gekuier en geëet. (Die ongelooflike etes van die dames van die Proteaklub is wyd bekend).
Die Proteaklub was vanaf sy ontstaan en dit is vandag nog so, bedoel vir alle afgetredenes en/of lidmate van ons gemeente wat hulleself met die doelstellings van die Klub identifiseer, asook vir lede van ander gemeentes en besoekers.
Inligting omtrent die Proteaklub is altyd by die kerkkantoor beskikbaar. Alle seniors word hartlik uitgenooi om die Proteaklub op die proef te kom stel – ons is seker u gaan dit geniet.

Borskankermaand

KANSA : LIEF EN LEED
Oktober is borskankermaand en met die huidige bewustheidmaking van die Beenmurgregister dink ons ook met leed aan diegene wat die afgelope jaar die stryd teen kanker verloor het, tans besig is met chemoterapie of bestraling en andere wat reeds in remissie is. Ons dink veral aan Esmé Vorster en Tiaan Stander wat die lang pad van lyding gestap het en Anthony Cooper wat reeds in 'n gevorderde fase van die siekte is.
Rita Marx, tans vrywilliger by KANSA, was jare lank koördineerder van die KANSA-ondersteuningsprojek by George Hospitaal. Sy het self die pad van hoop, wanhoop en oorwinning geloop sedert haar seun, Gawie, in 1997 met Leukemie gediagnoseer is. Voordat Gawie se terapie begin is, is sperma van hom gevries met die wete dat hy onvrugbaar sou word sodra sy behandeling begin. Nadat hy reeds 'n geruime tyd besig was met die behandeling is 'n geskikte skenker vir 'n beenmurgoorplanting geïdentifiseer in die vorm van sy broer, Johan. Die prosedure is dan ook suksesvol uitgevoer en Gawie en sy vrou se tweeling is in November 2008 gebore danksy invitro bevrugtiging. Elf jaar nadat die sperma gevries is, het hierdie wonder in hul lewens plaasgevind. Alle eer aan ons Hemelse Vader vir nog 'n ongelooflike verhaal van genesing en baie seëninge.

" Voor God is ek en jy gelyk, ook ek is maar net uit klei gevorm."

Nuwe Intrekker Vertel...

Toe ek, as betreklik 'nuwe' intrekker, gevra is om my indrukke van die gemeente weer te gee, was my onmiddellike reaksie dat dit 'n skewe beeld sou wees omdat ek deur my eie bepaalde bril kyk – soos ook elke ander mens. So sal elkeen se waarneming, persepsies en verwagtinge verskil. Daarby sien ons ook maar net dit wat ons wil sien en kyk mis wat ons nie wil sien nie. Dan is daar nog die balk in my oog wat maak dat ek soms sukkel om te sien.... veral as ek die splinter in ander se oë wil soek!
Ek probeer identifiseer wat dieselfde/anders is waar ek vandaan gekom het.
Die herders van die gemeente en kudde is vriendelik, hartlik en gaaf – dis 'n mooi kudde. So ook die natuur met groen gras in die middel van die winter. Hadidas, tarentale en kraaie rond die prentjie af. Dan die berg. Sien mense nog die wonder van die berg of het hulle dit al so gewoond geraak dat dit nie meer ontroer nie?
"Wie het jul so skoon gemaak, blou gebergtes bos en klowe, daardie Meester wil ek lowe, net so lank ek lewe smaak." (Woorde: F.J. Eybers FAK 246) Min sou ek kon dink hoeveel troos en inspirasie ek nog uit die aanskoue van die berg sou put.
"Ek slaan my oë op na die berge, waar sal my hulp vandaan kom, my hulp is van die Here" (Ps. 121).
"Op berge en in dale, en oral is my God." (Ges. 47)
Seker ook so in die groter George, maar baie opmerklik in Blancogemeente, is die groot aantal eks-Noordelike provinsies inwoners wat hul hier kom vestig het. Dit dra moontlik by tot 'n gees van verbondenheid tussen die 'ou' en 'nuwe' gemeentelede – soos wat ondervind is tydens die 64 Dae Fokus. As die oud-gevestigdes bymekaar aanklank gevind het oor die lang periode van saamwees, vind die nuwes dit in hul meer onlangse gedeelde ervarings om te hervestig in 'n nuwe omgewing. Oud + nuut = saam is ons beter. Die gemeente toon nog baie karakter van 'n plattelandse gemeenskap, maar het terselfdertyd tred gehou met ontwikkeling en vernuwing op alle terreine.
Die uiteenlopendste samestelling van gemeentelede word hier aangetref: oud/jonk, ryk/arm, verlig/behoudend, ens, nes 'n krismispoeding! En, ja, dit is 'n gemeente wat hul poeding geniet!
Nog 'n verskil. Wanneer hier gebid word vir reën gaan dit nie om die grasperk groen te hou nie.....
'n prentjie van diere wat honger en dors is of landerye met verskroeide gewasse spook voor my geestesoog.
Sommige gemeentelede is nie net kerkvas nie, hulle is ook bankvas en skuif nie graag 'n sentimeter na die middel van die bank sodat persone wat later kom, kan plaasneem sonder om bo-oor almal te moet klouter nie. Miskien wil hulle maar net vinnig uitkom sou die diens dalk ekstra langer duur en die banke al harder word.?
Soos in ander gemeentes, is daar soms 'n frons of twee as daar 'n nuwe of vreemde lied gesing word. Soos die spreekwoord lui: 'onbekend is onbemind', maar na 'n paar keer se sing verdwyn die vreemdheid en almal sing lekker saam.

DIS 'N LEKKER GEMEENTE
EKS-GAUTIE

In Memoriam

Blanche Kock
28 07 1938 ~ 14 05 2009

Janita Theron
15 12 1951 ~ 05 03 2009

Solomon Smith
24 03 1954 ~ 05 02 2009

Herman Venter
19 11 1943 ~ 07 01 2009

Esmè Vorster
27 04 1961 ~ 29 03 2009

Tiaan Stander
24 03 1971 ~ 06 04 2009

Tom Riley
29 10 1931 ~ 08 10 2009

Willem Strydom
07 03 1931 ~ 12 01 2009

Miemie Heynike
25 12 1914 ~ 01 06 2009

Bekommernis is soos 'n skommelstoel – dit gee jou iets om te doen, maar dit bring jou nêrens
Chas E Cowman

Vleismark en Mini-Basaar

Ons gemeente is reeds sedert 2001 bekend vir die uiters suksesvolle Vleismark wat elke jaar gedurende Meimaand aangebied word. Vanjaar se Vleismark was die grootste fondsinsameling wat die gemeente nog ooit gehad het. 'n Rekordbedrag van R190 000 is ingesamel met hierdie reusepoging. Al die beplanning vir hierdie besonderse poging het onder die bekwame leiding van Koeloe Koen en al sy medewerkers geskied.

28 Beeste, 12 skape en 3 wildsbokke is na die slagtingsproses (by Roelcor) verwerk op die plaas van die Van Greunenbroers (4 Brothers Aartappelstoor). Die gemeente-span wat hierdie reusetaak aangepak het, verdien net lof en dank vir al hul harde werk, toewyding en die ywer waarmee hulle die taak verrig het. 1,6 Ton boerewors is gemaak wat tydens die Vleismark verkoop is en 1.2 ton goedkoper wors is gemaak wat reeds voor die Vleismark verkoop is. Wat hierdie Vleismark nog merkwaardiger maak, is die huidige ekonomiese resessie wat heers sowel as die ergste droogte in jare wat hierdie area teister.

Weer eens 'n spesiale woord van dank aan al die organiseerders, borge en iedere een wat op een of ander wyse deel was van die suksesverhaal. Alle lof, dank en eer aan ons Hemelse Vader wat die projek so geseën het.

HOE HET 'N Koper/Besoeker dit ervaar: In 'n mistige reëntjie het ons voor die kerksaal gestop, gedog ons is vroeg, en in ons spore vasgesteek. 'n Ellelange ry mense wat sommige politici met stemdag sou laat bloos, het tot by die volgende straatblok in die eendeweer geduldig hul beurt staan en afwag. Daar het 'n opgewonde gemoedelike gees onder mense geheers wat van heinde en ver gekom het om hul porsie te koop. Iedereen het met groot geduld sy beurt afgewag. Ten einde laaste het die ry so gekrimp dat ek kon sien wat in die saal besig was om te gebeur. Ten spyte van 'n stampvol saal en swaargelaaide tafels was daar tog orde in die chaos. Die hooggelaaide tafels is telkens leeggekoop en 'n ongelooflike spangees het geheers. Vleis, wors, maalvleis, ens. is oor en weer aangegee dat selfs die laatkommers nog ietsie kon koop. Vriendelike gesigte en heerlike gesels was deel van die aktiwiteite en menigeen het die oggend afgesluit met 'n koppie warm koffie en pannekoek by die MINI-BASAAR.

Vroegtydige Kersgroete

Ons is reeds oppad na Kersfees. In ons druk werk- en Kersprogram moet ons nooit so besig wees dat ons vergeet dat ons voorlopers vir Jesus moet wees nie. Elke Kersfees word ons opnuut verseker van God se boodskap van hoop, redding, lig en lewe. Kersfees moenie net flikkerende liggies in die strate of aan kersbome wees nie, maar eerder wentel om die Lig wat na wêreld gekom het met die geboorte van Jesus; Hy wat gekom om vir die donker wêreld lig te maak.

Soos Jesus se koms na die wêreld deur die engele aangekondig is, het die glans van GOD SE HEERLIKHEID om hulle geskyn en die LIG na 'n donker wêreld gebring. In hierdie komende Kerstyd moet ons ligte in 'n donker wêreld aansteek en die boodskap van die LIG uitdra na ander.

Vir die ongelowige is Kersfees 'n fees sonder hoop, maar hul wil tog feesvier met duur geskenke, vrolike versiersels en feestelike tafels. Vir die Christen is Kersfees 'n fees oor die koms van die Verlosser, 'n vreugefees omdat hul die boodskap van Kersfees verstaan.

Mag julle hierdie komende Kersgety Jesus se vreugde in jul lewe ervaar sodat almal kan sien dat die Kind van Bethlehem, die Koning , vir jou lewend is.

Mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan (Fil. 4:7) hierdie Kersfees oor jou hart en gedagtes die wag hou, omdat die Kind van Bethlehem vrede tussen jou en God kom maak het.

Geïnspireer deur dagstukkies van Nina Smit.

Here, gee my krag om alles te doen wat U van my vra. Vra dan van my wat U wil.
Augustinus

Hoekom ek 'n dominee is

'n Paar jaar gelede sien ek per ongeluk Casper de Vries op kykNET met sy histeriese dog pynlike lied "Dom, Dom,Dominee". Ek bewonder die slim woordspel en alliterasie, asook die aansteeklike wysie, totdat die dolksteek my tref: Ék is 'n dominee! Hopelik nie dom nie. Beslis nie 'n VVV (vreemde voorskrywende voorwerp) nie. Dalk hopelik eerder 'n vriend, vertroueling, vertroostе verteller van God se verhaal.
Terwyl ek hier skryf op 'n heerlike gesinsvakansie aan die Weskus, sin Bos uit sy kinderjare in die liedjie "Pepermunt": "As die preek jou gac verveel, as jy nie meer kan luister nie, pepermunt!"
Dan sing hy later in sy lied "Ik heb je lief" hy "voel die kanker van sini – 'n kanker wat die meeste Afrikaners en Afrikaanses sedert 2 Februc 1990 stadig maar seker geïnfekteer het.
Die dominees het vir ons gelieg! Hulle het die politici bewapen met handgranaat-teksverse wat vernietig en verdeel het!
Geen wonder ons dominee-spesie is sedertdien voëlvry verklaar nie – met die jagseisoen sommer die hele jaar en nie net Sondae ná kerk nie.
Rian van Heerden het die afgelope Saterdag in sy rubriek in By gespot met 'n opskrif van sewe letters: D.O.M.I.N.E.E.
En Sondag se Rapport-voorblad het weer 'n "agterblad"-storie oor 'n D.O.M.I.N.E.E. En toe die vrou by Darling se boekwinkeltjie my vra: "From where are you, and what do you do?", huiwer ek 'n oomblik.

Hoekom bly ek 'n dominee? Hoekom is ek bereid om dag ná dag te voel hoe die donshael uit my koerant se rubriek- en brief-lope tref?
Want ek kan nie anders nie! Dit is my roeping, my "destiny", my lotsbestemming (volgens 'n ou verklarende woordeboek), maar veral ook my passie!
Ek het in Desember 1983 as veertienjarige 'n roeping ervaar. Dit was 'n seevakansie, en die trompetspelende ds. Komati van Jeffreysbaai was God se "trompetter" in my lewe.
En nou, 26 jaar later, brand daardie roepingsvlam helderder as ooit.
In plaas daarvan om deesdae soos Elia (1 Konings 19: 3-16) onder die besembos te "arme ek, die mense en die media hou nie van my en my soort nie", het die engel soos met Elia ook vir my kom sê: "Slaap, eet, kom nou daaroor – daar's werk! Gaan na jou buurt, leef, vertel en wees die hande van Christus! Bou huise, luister na seën-stories, vier fees, lag saam, huil saam! Voed die Valley-kids sodat die gom selfs vir hulle begin sleg ruik."
Daar is dominees wat soms kla oor "stank vir dank" en dan later in die "gewone lewe" elke dag hul seëninge tel, bevry van die vergrootglaslewe in die pastorie-van-glas. Maar honderde dominees sal oor nog 'n "dominee-skandaal"-opskrif twee dinge saam wou sê:
1. Ons is nie almal so nie (à la Jeanne Goosen); en
2. "There am I, but for the grace of God!"
Ek ken soveel kollegas vol van passie, liefde, integriteit en normale menswees. Maar natuurlik is daar, soos in die politiek en elders, huursoldate of, in 'n bekende professor se woorde, Coke-adverteerders wat in die geheim Pepsi drink.
Hulle wat dominee-wees as 'n beroep eerder as 'n roeping sien. Wat betaal word om te glo en die skyn voor te hou, wat 'n salaris ontvang vir die opoffering van "voorgee". Deur God se goedheid alleen kan ek prewel: "Ek glo, wees my ongeloof genadig, Here!"
Ek glo genuine daar is 'n Skepper-God wat 'n vleeskleed ('n vorige kollega se term) aangetrek het en alles heilig kom maak het. Want die God-Mens Jesus het geëet, gedrink, gelag, gedans, gepreek en gehuil. Hy het onvoorwaardelik liefgehad. Elke faset van menswees het Hy in Sy DNS ervaar.
Oor hierdie God-Mens glo ek onwrikbaar dat Hy as die enigste volmaakte en werklik onskuldige vermoor is in my en jou plek. Ook glo ek die onmoontlike: dat Hy die dood vir my ont-angel het.
Ja, in 'n gesekulariseerde land van godsdiensvryheid gun ek elkeen sy of haar mening oor God en Jesus. Tog weet ek ook dat my geloof staan in die tradisie en oorlewering van intellektuele reuse soos Paulus, Athanasius, Martin Luther, Johannes Calvyn, C.S. Lewis en G.K. Chesterton.
Ook in ons eie land is mense soos dr. Louw Alberts, prof. Jan van der Watt en vele ander.
Ja, dominees is feilbare mense van vlees en bloed. Ja, ons bloei en huil en droom ook. As ek maar net in die voetspore van 'n doodgewone dominee soos my oupa Frikkie Kelber (1910-1990) kan loop.
Om as kind van my tyd die pad te loop met verskeie foute en flaters reeds op my kerfstok, maar voluit verbind aan Paulus se oproep aan 'n jong dominee in 1 Timoteus 6: 11b: "Streef na opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding, minsaamheid."
Ja, Rian, ek wil 'n "goeie, eerlike, nie-swygend-voor-onreg- en herder-van-hoop-dominee" wees. Maar bowenal wil ek 'n méns wees in die voetspore van Jesus.

Dopelinge

2 Augustus Marli Steenkamp
9 August Tiaan Meyer
6 September Waldo Deacon
6 September Handré Potgieter
13 September Claudia Hoogerboord
13 September Ke'ala Isabella Petzer
27 September Hanko Scholtz



Blancogemeente Logo

Met opgewondenheid stel ons ons nuwe gemeente logo voor.

Blancogemeente
'n Gestuurde familie meer en meer soos Jesus

Die logo met meer figure is 'n teken dat ons gemeente se fokus geskuif het na 'n gestuurde "familie".
Die boom simboliseer die groei wat God in ons gemeente bewerk met betrekking tot diens, aanbidding, lering en omgee.

Donasies Ontvang

Alpha & Omega Joiners
Super Spar - Heatherpark
Carlu Trekkers
Petzer Gesin

Redaksie

Betsie Stevens
Charmaine Pretorius
Adèle Langenhoven
Korrespondensie: ronenbetsie@gmail.com